Die Gids

AFRIKAANS – “Who Will Be Lost?”

# WIE SAL VERLORE GAAN ?

Daar is talle persone wat nie geredelik aan hierdie onderwerp wil dink nie uit vrees dat hulle die naakte waarheid aangaande die hel sal ontdek. Hulle vrees dat hulle miskien hulleself sal sien besig om vinnig af te stuur op die pad na die hel. Meeste mense probeer om hul gewete te sus met hierdie woorde: God is ’n God van liefde en sal nooit iemand in die hel werp nie. Met hierdie kennelike gedagte verbeel hulle hul dat die aangeleentheid van hul ewige lewe reeds afgehandel is en dat hulle sondige lewe aanvaar sal word in die hemel. “Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of af-godedienaars of egbre-kers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronk-aards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.” (1 Korinthiers 6:9,10). “En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.” (Openbaringe 21:27).



Daar is diegene wat probeer bewys dat daar nie ’n hel bestaan nie, en nog ’n groep hang ’n lering aan wat deur die mense daargestel is, naamlik dat na die dood ons deur vuur gereinig sal wees en na dit sal ons in die hemel opgeneem word. Dit is voorwaar eienaardig wat mense sal doen om die waarheid aangaande die hel te verbloem of te verdoesel. Sommige omseil dit deur te beweer dat daar nie ‘n lewe na die dood bestaan nie, dat wanneer die dood intree, dit die finale einde is, dat daar niks anderkant die graf is nie. God se woord verseker ons dat: “En net soos die mense bestemd is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel.” (Hebreers 9:27). Nog ’n gedeelte van die bevolking van die wêreld glo dat slegs diegene wat as Christene sterwe, weer sal lewe, dat die ander sterf en dit is die einde. ’n Verrassende aantal mense uit baie dele van die wêreld glo dat wanneer die mens sterf, hy weer terugkeer na die aarde in die vorm van ’n blom, ’n koei, ’n slang of enige ander dier of wese. Daar is nog baie leuenag-tighede waarin die mense glo om so hul gedagtes aangaande die hel te sus.

**IS DAAR ’N HEL?**

Die enigste Persoon in wie ons kan glo bo alle ander persone, is die Here Jesus. Hy het Homself uitgelaat oor die hel en om hierdie rede wil ons enkele woorde aanhaal uit die talle Skriftuurlikhede uit die Woord van God en lees wat Hy sê: “En elkeen wat vir sy broer sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.” (Mattheus 5:22). “As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand

jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.” (Mattheus 5:29,30). “Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.” (Mattheus 8:12). “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.” (Mattheus 10:28). “En jy, Kapernaum, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; wat as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe.” (Mattheus 11:23). “Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle gooi in die vuuroond. Daar sal geween wees en gekners van die tande. So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.” (Matt. 13:40-42,49,50). “En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder ’n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord praat nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.” (Matt. 22:12,13). “En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.” (Matt. 25:46). Hierdie is slegs enkele aanhalings uit die Heilige Skrif uit een Bybelboek en daar is nog meer, baie meer.

## HOE IS DIE HEL?

Jesus het eendag die gordyn weggetrek en ons ’n kykie gegee van die hel. In Lukas 16:19-31, gee Jesus ons ’n prentjie van die hel. Hy het hier aan ons iets ontsettends getoon, iets wat die mens nog nooit beskore was om te aanskou nie. Helse vuur wat knetterend verteer en in die middel daarvan, van die groot see van vuur, is ’n man. Hierdie man slaap nie, hy is wakker, hy is lewendig en hy is bewus van alles wat rondom hom aangaan. Hy kan sien, hy kan voel, hy kan hoor en hy kan met sy tong proe. Hierdie man het self eenkeer hierdie aarde bewandel, soos ons dit nou doen. Hy het na die profete en predikers geluister, net soos ons na hulle luister. Die tragedie is dat hy nie kennis geneem het van wat Moses en die ander profete hom vertel het nie, net soos vandag daar so vele is wat nie agslaan op die Woord van God en op die predikers van Sy woord nie. Hierdie man het nie ’n gedagte geskenk of was enigsins bekommerd oor die lewe na die dood nie. Hy kon gedink het dat God ’n goeie God was en om hierdie rede sal Hy hom nie in die hel werp nie, en selfs al sou hy daar beland het, sou daar genoeg priesters wees wat hom weer uit die hel sou uitgebid het. Geagte vriend, ondanks al hierdie troostende gedagtes, het hy tog in die hel beland, en hier aanskou ons hom in die vlamme van ’n verterende vuur.

Staar op in sy gesig en aanskou sy ellende, kyk in sy oë en aanskou die groot vrees van hopeloosheid, luister na sy ontsettende krete wanneer hy uitroep tot Vader Abraham: “Wees my genadig en stuur Lasarus, sodat hy die punt van sy vinger in water kan druk en so my tong afkoel; want ek word gemartel in hierdie vlamme… daarom bid ek u, Vader, dat u hom na my vader se woning sal stuur: Want ek het vyf broers; dat hy aan hulle moet preek om nie ook in hierdie plek van marteling te beland nie.” Vader Abraham het aan hom gesê dat hy Moses en die profete gehad het, en dat hulle na hulle moet luister. Maar hierdie man in die helse vlamme het geantwoord deur te sê dat indien iemand wat dood was, sou opstaan en hulle gaan waarsku, hulle sou luister. Maar Abraham het geantwoord deur te sê dat as hulle nie na die profete luister nie, dan sou hulle ook nie na iemand wat uit die dode opgestaan het, luister nie. Hoeveel van ons vriende en familielede is in die pynlike greep van die vuur van die hel op hierdie dag en wens om terug te keer om ons te waarsku omtrent die waarheid en die werklikheid aangaande die hel? Hulle kan nie terugkeer nie, ons het die Woord van God en moet daarin glo. Jesus het uit die dode opgestaan, en hoeveel het Hom geglo? Net maar ’n paar.

Die lyding van die hel is nie slegs vir ’n kort tydjie nie, maar is vir ewig. “Gaan weg van my af, julle vervloektes, in die ewige vuur.” (Matt. 25:41). “En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp… en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid… En as dit bevind is dat iemand nie opgeskrywe was in die boek van die lewe nie, is hy gewerp in die poel van vuur.” (Openbaringe 20:10-15). “Waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.” (Markus 9:48).

Die hel is ’n plek van lyding en pyn. Die bybel leer ons dat daar ’n geween en ’n gekners van tande sal wees. Vuur veroorsaak pyn en die mens ween en huil nie en kners nie hulle tande as hulle so dood soos ’n hond is nie, soos sommige wel glo, of dat daar nie ’n lewe na die dood is nie. Daar is lewe na die dood, want ons lees in Openbaringe 20:12; “En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan.” As ons na die dood in die hel beland, dan moet ons vir altyd die foltering en pyn en lyding van die vuur verduur.

## WIE GAAN HEL TOE?

Die hel is geskep vir die duiwel en sy engele. Almal wat sondig en luister na Satan se stem

en wie se name nie in die Boek van die lewe opgeskryf staan nie, gaan ook na hierdie plek van verdoeming. (Matt. 25:41; Openbaringe 20:15). Dit sluit almal van ons in, u en ek. “Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.” (Rom. 3:23). “Daarom, soos deur een mens (adam) die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het.” (Rom. 5:12). Weens die sonde van Adam, is ons almal tot sterwe gedoem en u en ek moet sterf. Op dieselfde wyse het die sonde op u en my gekom en is ons almal sondaars in die oë van God. Ons is van nature sondig en is geneig tot sonde en om God oneerbiedig te wees. Die mens hoef nie geleer te word hoe om te sondig nie, hulle doen dit natuurlik. Die mens moet geleer word om God te eerbiedig, om alles vir Hom prys te gee en om Hom te dien. Weens hierdie sonde wat op alle mense van toepassing is, is ons almal nietig in die groot heerlikheid van God en is ons almal gedoem tot die hel. Of ons dit nou wil glo al dan nie, ons almal spoed heen op die pad na die ontsettende hel toe.

Daar is baie wat bid, “Here, Here,” en elke week deelneem aan kerklike bedrywighede, maar wat tog nie God as hul Redder ken nie, en wat nie wedergebore is nie. Ook hulle, kan dit hier met groot sekerheid gesê word, sal in die hel beland. (Matt. 7:21-23). Daar is ook diegene wat voorgee om Christene te wees maar wat nie die goeie vrug dra nie, wat ook in die helse vuur verteer sal word. (Matt. 7:19). Die werke van die vlees, wat nie in ons teenwoordig moet wees nie, is: “Owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.” (Gal. 5:19-21). As ons onsself Christene noem, dan moet die wêreld in ons kan sien “Liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.” (Gal. 5:22-24). Hulle wat in die hel beland, is diegene wat nie deur die kosbare Bloed van Jesus gereinig is nie, hulle wat nie weens hul sonde verootmoedig is nie, wat nie die Gawe van God aanvaar het nie, wat die ewige lewe is, en diegene wat, deur ongehoorsaamheid, die Bloed van Jesus onder hulle voete vertrap het.

Die Here het tot Nikodemus gespreek, wat ’n prediker was en aan hom gesê: “As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” (John. 3:3). God het aan hom gesê dat, ondanks die feit dat hy ’n prediker was en ’n goeie man, hy nog weergebore moes word om in die hemel op te gaan. As ons nie weer gebore word nie, maak nie saak watter goeie lewe ons gevoer het nie, sal ons sekerlik hel toe gaan. “Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here. En weer: Die Here sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.” (Heb. 10:29-31).

**WIE STUUR ONS HEL TOE?**

Talle mense sê dat omdat God liefde is, Hy ons nooit hel toe sou stuur nie. Hoe is dit dan dat mense hel toe gaan? God, in Sy groot liefde, het ’n weg daargestel waardeur ons hierdie lot kan ontsnap en vryspring, en dit is aan elkeen van ons oorgelaat om te kies waar hy of sy die ewige lewe wil deurbring.

God het hierdie keuse aan u en my oorgelaat, en ons is vry om vir onsself te besluit oor die hemel en die hel. As ons graag na die hemel wil gaan is die weg baie duidelik aan ons gestel, maar as ons God se weg van saligheid verontagsaam, of as ons sou verkies om dit nie te aanvaar nie maar eerder om die plesier van sonde vir nog ’n rukkie te geniet, dan stuur ons onsself hel toe, want hierdie is die ingeslane pad na die hel toe. U en ek word beide die paaie na die hemel en die hel getoon, maar dit is u en ek wat moet besluit watter pad ons gaan neem en wat die pad na ons uiteindelike lotsbestemming self moet bewandel.

**HOE SAL ONS DIT VRYSPRING?**

God het ’n ontsnappingsroete daargestel vir ons, wat nie enige geld van ons vra nie, wat nie vereis dat ons hoë opvoedkundige kwalifikasies moet besit nie, wat nie eis dat ons eers ’n lekker lewe moet lei voor ons dit aanvaar nie, en wat nie vra dat ons daarvoor moet arbei nie. God se weg is gratis, dit is vir die slegte sondaar sowel as die goeie. Dit kan verstaan en aanvaar word deur ’n kind wat geen opvoeding geniet het nie, sowel as deur ’n volwassene. Dit is wonderlik, en bring vrede en geluksaligheid mee. God se weg verlos ons van die swaar las van sonde op ons skouers, en God se juk is eenvoudig en Sy las is lig. (Matt. 11:29-30).

God se weg is deur hartseer en boetvaardigheid vir ons sonde. Ons moet opregte goddelike berou vir ons sonde hê wat ons gedoen het en opreg boetvaardig wees. “Nou is ek bly, omdat julle bedroef was tot bekering… want die droefheid volgens die wil van God werk ’n onberoulike bekering tot verlossing.” (2 Kor. 7:9,10). “Dra dan vrugte wat by die bekering pas.” (Matt. 3:8)l. “Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.” (Lukas 15:7). “So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op

die derde dag uit die dode opstaan en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies." (Lukas 24:46,47). "Die goedertierenheid van God lei tot bekering." (Rom. 2:4).

Ons moet ook glo in alle opregtheid wat Jesus vir ons gedoen het., "En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê, want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te oordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie geoordeel nie. Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe, maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom" (Joh. 3:14-18,36). "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe." (Joh. 5:24). "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie – dit is die gawe van God." (Efesiers 2:8).

Omdat Adam gesondig het, het die dood en sonde op ons almal gekom, maar omdat Jesus, die sondelose Een, die Seun van God, vir u en vir my gesterf het, kan ons die ewige lewe deelagtig word. "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewendig gemaak word." (1 Kor. 15:22).

Hieruit sien u, dat wat ons moet doen, maar gering is en kosteloos is. Ons moet net berou hê, bely, glo en Jesus Christus aanvaar as ons Heer en Redder. Die Een wat alles betaal en gee is die Here Jesus. Hy het betaal vir ons redding met Sy eie lewe aan die Kruis. Hy reinig ons harte met Sy kosbare bloed, Hy skenk vergiffenis vir ons baie sondes, Hy gee ons die krag om Sy kinders te word en Hy aanvaar ons en maak ons Sy eie. Wat 'n wonderlike, goddelike en vry redding bied Jesus ons nie. wil u nie hierdie redding aanvaar en Jesus NOU aanvaar nie?

'n Goddelose man het eenkeer probeer om 'n Christen te oortuig dat sy geloof geen waarde het nie en dat hy nie daardeur 'n beter mens sou word nie. Die ongelowige het gevra: "Wat het jou Jesus vir jou gedoen?" Die Christen antwoord: "Hy het my gered." Die goddelose vra weer: "En wat is dit?" en terwyl hy praat, was daar 'n glimlag van ongeloof op sy gesig. Die Christen antwoord toe: "Stap saam met my tot by die deur, en ek sal jou wys." Saam het hulle tot by die deur gestap en uitgetree. Die Christen het daarna 'n klompie dorre blare geneem en 'n wye sirkel daarvan gemaak. Toe soek hy 'n wurm en nadat hy een gevind het, het hy dit in die middel van die kring geplaas. Toe het hy vuurhoutjies gevat en die dore blare aan die brand gesteek rondom die wurm, terwyl die goddelose in verwondering toekyk. Sodra die hitte van die brandende blare die arme wurm nader, het dit begin kriewel en woel en het tekens van nood begin toon, maar hy kon nie uit die vlammende kring vuur ontsnap nie. Die Christen het toe vinnig sy hand in die rook gesteek en die wurm uitgehaal uit sy gevaarlike posisie en dit op die groen gras buite die bereik van die vlamme en gevaar neergesit.

"Daar", het die Christen toe gesê, "dit is wat Jesus vir my gedoen het. Ek was blootgestel aan die vlamme van die hel, hulle het my omring en daar was nie die vaagste moontlikheid van ontsnapping nie. Ek was 'n groot sondaar wat gedoem was, maar Jesus het my gered deur vir my sondes te sterf, Hy het my uit die vlamme gered."

Liewe vriend, aangesien u sekerlik afwaarts snel na die vure van die hel, wil u nie opstaar na Jesus nie? Bely jou sondes tot Hom, glo in Hom en aanvaar Hom, laat Hy jou red. Moenie een oomblik langer wag nie maar aanvaar Hom nou! Waar u ook al is, stort u hart uit teenoor Hom, Hy het u lief. Hy wil nie hê dat u moet vergaan nie. Hy wil jou red, Hy wag net om jou noodkreet te hoor. Roep Hom nou aan en Hy sal sy reddende Hand, met spykers deurboor, uitsteek om jou te red uit die vlammende kring, en om jou op groen gras te plaas, weg van 'n verdoemende ewigheid. Hy sal jou op die pad plaas wat na die hemel lei. Glo Hom nou!

---

As u deur ons Evangelielektuur saligheid in Christus gevind het, of andersins seën daaruit ontvang het, laat ons asseblief weet. Ons wil graag die Here saam met u daarvoor dank, en u verder in ons gebede onthou.

Vir Evangelielektuur, boeke en gratis traktaatjies in meer as 540 tale, skryf aan:

**E-MAIL: info@angp.co.za**

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**

**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**

('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)

(Reg. No. 1961/001798/08)